Ges. 118: 1, 2
" 117: 2, 3.
" 122: 3, 4.

# Gethsemane

L/Potch. K 20/3/55

Matt. 26: 36-46

Matt. 26: 39 – My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.

„Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan, is heilige grond." So het eeue gelede die stem uit die doringbos vir Moses, die man van God, toegeroep toe hy wou naderkom om te sien waarom die vlam die bos nie verteer nie. (hemelse vlam)

So kom d. stem v God ook v/ns tot elkeen van ons uit d. olyfbos v Geth. waar ons wil naderkom om te probeer sien watter vlamme in Gethsemané gebrand het, gewoed het – (helse vlamme) en tog nie die hand v God verteer het wat homself daar op d. altaar gelê het.

Sou mens wens dat ons liewer by Gethsemane kan verbygaan in ons navolging v.d. Man v Smarte op sy lydensweg – maar dan kan ons net so goed wens om by Golgotha verby te gaan. Want Gethsemane (die Olyfpers) en Golgotha (d. Hoofskedelplaas) is nou aan mekaar verbind – baie nou // Dis ondenkbaar dat daar net d. een of die ander sou wees – want wat in Geths. voorberei word word op Golgotha voltrek // Die losprys vir die sonde v.d. wêreld wat in Geths. bepaal word, word op Golg. betaal. Toe Abr. d. offerhout opgepak, die offermes opgeneem en sy seun opgeroep het om saam met hom te gaan na d. berg Moria het hy reeds in sy hart d. offer v sy seun gebring.

Toe Jesus ifd donker nag op d. hange v.d. Olyfberg na bange worsteling v bittere stryd kon uitroep: „Nogtans nie my wil nie, maar U wil geskied" – in dd. oomblik was d. stryd v Golg. in beginsel reeds gestry en d. oorwinning verseker.

Dan moet ons v/ns in heilige erns en met biddende harte d. heiligdom v Geths. betree – d. innerlike heiligdom van d. siel v.d. Seun v God. „Trek jou skoene ..... (Exod. 3: 5)

I Die Bange Worsteling in Gethsemané: Wat het nie alles hom al d. afgelope aand afgespeel nie! Daar in d. oppersaal het Jesus d. diss se voete gewas, daar het Hy Judas en Petrus gewaarsku, daar d. Avondmaal ingestel, daar d. onvergeetlike laaste oordrag v d. ontsaglike hoëpr. gebed – afgesluit met d. groot Hallel en toe oor die Kedron.

Uit d. ~~ligtende~~, verligte Feessaal tree Xtus nou d. donker nag van Gethsemané binne // Somber en dreigend staan d. bome en wag. Somber en donker word ook d. Heiland se hart – bedroef en benoud sy siel. „My siel is diep bedroef tot d. dood toe; bly hier en waak saam met My" so roep Hy uit d. diepte van benoudheid. En as d. magte v.d. Duisternis meer v dreigender op Hom toesak, loop Hy 2e maal terug na sy diss m.d. pleitende versyt: „Kon julle dan nie een uur met My waak nie?" Kan ons dit begryp dat dié Here nie se hart en mense louter medelye was hier ~~pleit~~ bedel om 'n greintjie hartlikkd & mensl. meegevoel – en ook dit word Hom nie gegun nie!

Weer gaan Hy bid – bid dat d. bitter lydensbeker Hom weggeneem of gespaar mag word maar alleen op dié voorwaarde dat d. redding v.d. wêreld afdoende gewaarborg bly: „My Vader, as dit moontlik is, . . . ." Weer kom soek Hy hulp, steun, bemoediging – maar in hd. uur en hd. nag is Hy stoksielalleen. „En toe Hy in 'n swaar stryd kom, het Hy met groter inspanning gebid, en sy sweet het geword soos bloeddruppels wat op d. grond val" Sien u Hom worstel? Hoor u. Hom pleit? Ag as ons maar kan leer om ~~vurig~~ ernstiger te bid hoe harder d. stryd. Dan sal ons ook kan sing:

„Hoe fel d. besoeking, hoe Satan ook trag
Om my te vertrap met sy hiel,
Steeds gryp ek meer moed, want my Heiland is daar
en Hy stort nuwe krag in my siel"

So worstel Jesus voort vir die derde maal – totdat d. oorwinning kom, totdat Hy sien dat daar in d. ewige liefdesplan van God, net een weg is wlk d. wêreld gered kan word: d. Kruis!

3.

met 'n hart wat rustig klop na d. storm, met 'n gesig wat straal van vrede, met 'n kalme majesteit wat spreek van oorwinning staan Hy op van sy knieë: klaar om die – d. Bose tegemoet!

II Die Oorsaak v. d. Bange Worsteling: Waarom dit alles? Baie gedagtes – vraag:

① Xtus volkome bewus van die ligg. marteling, die wrede pyniging, d. ongenadige folteling van 'n dood aan d. Kruis. / Ons moet nooit vergeet dat d. Heiland ook volkome mens was nie – en as mens d. komende smaad en bespotting Hom op dd. oomblik met ontsetting v benouing vervul het nie lafaard? (Antw.)

② Maar d. angs vir liggaamspyn v foltering was nie d enigste of ernstigste oorsaak v.d. Heiland se siel benoudhd nie. Ons moet nooit vergeet dat d. rein, sondelose, teervoelende siel v.d. Heiland baie dieper en intenser alle d. sonde v d. magte v.d. hel aangevoel het as enige ander mens. / Sy hele aardse loopbaan was in dié sin 'n lyding omdat Hy gedurig in botsing mee kom md magte v.d. hel En nou: waar d. duiwel soos 'n Goliat uit d. hel uittree en Jesus uitdaag tot d. beslissende eindstryd – nou vervul huivering d. siel v.d. Heiland!

③ Maar d. diepste oorsaak v.d. worsteling moet ons gaan soek in d. feit dat Jesus geweet het dat op Golgotha Hy al d. sonde v.d. wêr. op Sy skouers mees neem (sonde word nie ons) > van God verlaat ~~sou~~ moes word – dat d. vasgryp v.d. mens sou uitloop op 'n loslating deur God. En d. d. vr.: Enigste weg? Nie ander, gemakliker weg om diss. doel te bereik? / Daarom worstel en bid & bewe Hy – om te soek of Sy Vader nie 'n ander weg kan vind nie. En as Hy sien dat Hy of Golgotha moet bestyg of anders geen Verlosser v.d. Wêreld kan wees nie, kruisig Hy sy wil in Geths. as Hy roep: „Nie my wil, maar U wil geskied"

Adam in ~~[illegible]~~ Tuin: „Nie U wil, maar my wil geskied" – en d. paradys 'n voorportaal v.d. hel geword

Jesus in tuin: „Nie my wil, maar U wil" – v so Geths. 'n poort v.d. hemel!

III Die Vrug v Stryd v.d. Worsteling: As Jesus Gethsemané binnetree daal d. duister oor d. aarde en oor d. siel v.d. mens. Mr. met sy uittrede daal daar 'n wonderlike, skynende lig neer wat nooit weer uitgedoof sou word nie: Nou sien ons hoe:

① Die pad na d. hemel oopgemaak: Soos deur d. ongehoorsa v.d. eerste Adam d. sonde i/d wêreld gekom het, so het dan d. gehoorsd v.d. tweede Adam d. verlossing i/d wêr gekom. Omdat Jesus daar Amen gesê het op d. wil v.d. Vader, het d. Vader straks Amen gesê op d. werk v.d Seun

② Die krag v gebed & gehoorsd ons geopenbaar: Omdat Jesus uit d. donkerste nag v sy lewe sy toevlug by Sy Vader gaan neem het, daarom kan ons ook sing met geloof: „Uit diep van donker nagte
roep ek, o Here, hoor!"
– Maar leer ons ook om aan te hou, volhardend te bid!
– Bo al leer ons om nie net te bid, maar ook te buig!

③ Leer ons d. heerlikheid v Gods wil bo ons wil sien:
Ons ook deur Gethsemané:
Ons weg na bo – Gods weg na diepte.
Ons bid om kind te behou – God neem dit weg
Ons bid om dooie uit alles weg – God sê: „My genade –"
Ons bid om te werk – d moet op siekbed lê
Ons smag om soos Moses d. beloofde land in te gaan – terugl
God sê: alleen op Nebo sal jy sterf!
As ons dan in swaar stryde – met: Xtus afdeur –
Hy sal ons leer & lei tot oorwinning!

④ Ons ~~Gethsemané~~ worstelinge tot oorwinnige veer:
– Nuwe, ongekende vrede
– ryk en vrugbaarder lewe
– oorwinninge ten spyte van:
Paulus
Moody
Spurgeon

Amen.